

**3 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:1-7**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:6-7**

### **Onderwerp voordat jy werp**

In die lewe is daar baie dinge waarvoor ek besorg raak. Ek kan 'n hele lys daarvan maak. As ek deur my lys kyk, sal ek merk dat daar baie dinge is waarvoor ek werklik geen beheer het nie. Dikwels is dit juis hierdie dinge waarvoor ek my die ergste bekommer.

Nou vind ek hierdie troosryke uitnodiging in die Woord om al my bekommernisse op God te werp. Dit klink na so 'n maklike oplossing; tog ervaar ek dit nie so nie. Ek bly worstel met my omstandighede. Berusting kom nie en kommer bly skuil in die diepte van my hart.

Miskien gebeur dit omdat ek vers 7 se uitnodiging losmaak van vers 6 se bevel. In die oorspronklike teks is hierdie een sin waarvan die werkwoord *onderwerp* die hoofwerkwoord is. Die implikasie hiervan is dat ek nooit werklik daarin sal slaag om te *werp* as ek nie eers *onderwerp* nie. Dit beteken dat ek eerstens God se agenda vir my lewe moet aanvaar, dat ek ophou stry teen die dinge wat ek nie kan beheer nie en wat ek anders sou wou hê, dat ek vrede maak met my omstandighede omdat God beter weet as ek.

Slegs dan kan ek biddend na God toe gaan en aan Hom sê: “Here, ek ervaar hierdie verlies aan beheer traumaties. Ek begeer ander omstandighede, maar ek onderwerp my aan U wil. U weet die beste. Ek vertrou U. Hier is my bekommernis. Sterk my vertrou. Amen”

*Ds D Pansegrouw (Oos-London)*